

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Dis die tyd van die jaar wat Ouma krielrig raak. Dis nog net ses weke voor Kersfees. Naby genoeg om 'n ouma-dringendheid daaraan te gee, maar nog ver genoeg vir my om vir kalmte te pleit.

Ek glo dit gaan so met baie ander oumas ook die tyd van die jaar. Of is dit heeljaar? Ek glo nie daar is 'n enkele ouma wat nie die kleinkinders wil bederf nie. Maar Kersfeeste kom en Kersfeeste gaan. En speelgoed breek.

Tussen al die bederf-oumas kry ek ook gereeld briefies van die wat vra vir die "beste" manier om 'n geldjie weg te sit vir 'n kleinkind. En dit is waarop ek wil fokus vandag. Ouers van klein kinders kan gerus ook verder lees. Daar is, ná liefde en goeie versorging, kwalik 'n groter geskenk van Ouma en Oupa, of Ma en Pa as 'n paar rand op belegging.

Vergeet net eers van studiepolisse. Nie dat dit 'n slegte ding is nie, maar dit speel meer op emosie as wat dit werklik 'n verskil maak. Dis 'n polis, niks anders nie. Hy kry net 'n naam. Dis wat vir jou werk, wat saakmaak. Dis wat vir die kind die beste gaan wees, wat saakmaak.

'n Polis?

Goed, kom ons kyk na 'n polis. Ek byt gewoonlik langtand aan die goed, want die koste en kommissie van 'n polis is regtig verspot hoog. Soveel so, dat die makelaar soms meer geld maak as wat jy gespaar kan kry. Die kommissie word bereken oor die termyn van die polis en staan as 'n skuld teen jou kind se neseier. Jy begin spaar dus met skuld. Nie 'n lekker gedagte nie, nè?

Die tweede probleem is die kontraktuele aard daarvan. Jy is gebind en as jy vroeër die spaarbedrag wil verminder of staak - 'n mens se geldlewe maak soms 'n draai - word eers vooraf koste, met rente, verhaal. So ignoreer gerus die "positiewe" argument ten gunste van kontraktuele spaar. Dit skep gemoedsrus vir die ander partye, nie vir die kliënt nie.

Maar laat ons nie die baba met die badwater weggooi nie. Daar is voordele aan so 'n polis. Veral vir mense wat nie juis ander geld het om na te laat nie. Dan kan jy die premies op die polis verseker. Sou jy sterf of ongeskik raak, gaan die

polis voort sonder verdere premies. Dit is gemoedsrus. Dit is die enigste rede waarom ek so 'n polis sal aanbeveel. En dan, onderhandel gerus oor die kommissie, dis belaglik hoog na my mening.

Spaar belastingvry

Vir diegene wat in 'n beter finansiële posisie is, is daar ander opsies.

Jy kan vir elke kind of kleinkind 'n belastingvrye spaarbelegging begin en tot R36 000 per jaar vir elkeen daarin spaar. Jy kan tot R500 000 in so 'n belegging spaar.

Vir elke kind, want die belegging word in sy of haar naam gedoen. En soos die naam aandui, die groei op die belegging is belastingvry en die geldjies is buite jou boedel as jy sterf.

Geskenkbelasting kan soms ter sprake kom. As jy sien hierdie belasting begin ter sprake kom, skenk geld aan jou man. Laat hy dit dan aan die kinders skenk. Daar is nie geskenkbelasting tussen gades

nie en hy het ook die R100 000 per jaar vrystelling.

Jou nalatenskap

Goed, wat as jy nie nou kan nie? Of jy wil meer as wat jy nou kan?

Lewensversekering, as jy het, is 'n baie goeie opsie. Dis goedkoop vir wat jy kry en dis gewaarborgde geld. Dood gaan jy dood. Geld gaan nie die verdriet van die verlies aan 'n geliefde ouma verdryf nie. Maar ek is liewer verdrietig met geld as verdrietig en nog sonder geld ook.

En soos ek verlede Sondag geskryf het, as jy die lewensversekering nie meer nodig het nie, laat jou kinders, of kleinkinders, as hulle kan, die premies oorneem. Dis sinlose geldmors om jare lank te betaal om te voorsien vir iets wat jy weet gaan kom en as dit naby is dit dan tot niet te maak.

Ek wil nie te veel op die dood hamer nie, maar vir die meeste van ons geld die reël tog: ons is ryker dood as lewendig.

Erfgeld is 'n besliste opsie as jy vir jou kind of kleinkind 'n neseier wil nalaat.

